

Sondag 17 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-13 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:11 (AFR2020)

Met tug nou bewerk die Here vrug later

Ons hemelse Vader, wat ons geweldig liefhet, en wat ons op die pad na die hemelse heerlikheid toe stuur, wil ons ook bevry van al die laste wat ons kan keer op hierdie pad; laste soos oordrewe beheptheid met aardse besittings; ongesonde verknogtheid aan dinge en mense op hierdie aarde; selfsugtige gedragspatrone waarin ons so maklik verval en allerhande sondes wat ons doen. Om ons vaderlik te help om van hierdie laste vry te kom, maak die Here partykeer ook van tug gebruik: laat Hy ons druk beleef; laat Hy siekte of hartseer of rampe of oorloë oor ons kom; neem Hy voorregte wat ons gehad het, van ons af weg; laat Hy ons ly onder foute wat ons gemaak het en pynig Hy ons siele met geestelike dorheid.

Ons teksvers praat 'n waarheid wat die meeste van ons seker al beleef het: terwyl die tug oor jou uitgeoefen word, kan jy glad nie die goeie daarvan raaksien nie; jy is hartseer en jy huil, en jy is geskok en teleurgesteld, en jy is partykeer selfs kwaad en opstandig, en jy verstaan nie en jy vra vrae en jy worstel geestelik. Dit voel vir jou onregverdig en dit voel asof die Here jou verwerp. Nou, terwyl ons getug word, beskou ons dit glad nie as 'n rede vir blydschap nie, maar as iets om oor te treur. Daar is nie net die nou nie, daar kom ook 'n later. Dis wat die Here hier sê. Later, uiteindelik, op die langtermyn, lewer tug positiewe resultate op.

Die tug wat die Here oor ons laat kom, is soos 'n gimnasium waar Hy ons invat. As jy in 'n gimnasium kom en net daar gaan staan met weerstand in jou hart, as jy net die heeltyd daar gaan probeer uitkom en nie gaan deelneem aan die oefeninge wat daar gedoen word nie, gaan dit vir jou niks beteken nie. Vir die wat nou, in die tugperiode, hulle gewillig aan die Here se program onderwerp, vir hulle sal daar uiteindelik groot geestelike vrug wees. Die vrug wat die tug van God in mense se lewens oplewer, is 'n vredevolle vrug van geregtigheid. Dis hoe die Here werk: Met die tug van nou bewerk Hy die vrug van later.

Sing: Psalm 81-1:9, 12

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)